

Huldeblyke:

Prof Christo van Rensburg

(1938-2018)



En nou het hy ons loop staan agterlaat...

'n Groetwoord vir Christo van Rensburg

Die nuus van professor Christo (MCJ) van Rensburg se onverwagse dood, vermoedelik as gevolg van 'n hartaanval, op 13 Augustus 2018 by sy aftreeoord in Klerksdorp het almal in die Afrikaanse taalwêreld tot stilstand geskok. Hoe kon dit wees? Hy was dan 'n gesonde tagtigjarige, wat pas drie weke tevore die groot verjaarsdag gevier het. Sy werkywer en sy intense belangstelling in Afrikaans en die "Hoe?" van Afrikaans se ontstaan was nog net so groot soos toe hy in die tagtigerjare die omvattende RGN-befondsde projek oor Griekwa-Afrikaans gelei het. En is hy nie juis vanjaar nog met twee groot pryse vir sy lewenswerk oor Afrikaans bekroon nie: die CJ Langenhovenprys vir taalkunde van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns en die gesogte Jan H Marais-prys wat deur die Akademie geadministreer word vir Naspers, Het Jan Marais Nasionale Fonds en die Universiteit van Stellenbosch?

My eerste kennismaking met Christo van Rensburg was presies vyftig jaar gelede toe ek in 1968 as eerstejaarstudent in Afrikaans aan die Universiteit van Pretoria by die knap jong dosent (toe dertig jaar oud) sintaksis gekry het. Die boomdiagramme wat aanvanklik na Grieks gelyk het, het duidelike sin begin maak onder sy bekwame en vriendelike leiding. In daardie jare kon voorgraadse studente van die tweede jaar af kies om die taalkunde- of letterkundebaan in die Departement Afrikaans te volg. My keuse was die letterkunde en ek het dus nie voorgraads weer by mnr. Van Rensburg klas geloop nie.

Twintig jaar later, in 1989, was ek terug by die Departement Afrikaans, aanvanklik in 'n tydelike pos, en het ek Christo se navorsingsassistent geword. Hy was intussen lank by die Universiteit van die Vrystaat, waar hy later departementshoof was, maar het kort tevore teruggekom na die U.P. Dit was veral van toe af dat ek Christo goed leer ken het. Hy was iemand wat geseënd was met 'n besonder goeie verstand, maar ook met groot werkywer en entoesiasme vir sy vakgebied en veral die historiografie van Afrikaans. Sy navorsing oor die ontstaan van Afrikaans het hom gelei na die aanleedersvariëteite, Kaapse Afrikaans en Oranjerivierafrikaans, of Griekwa-Afrikaans. Hy was, soos reeds genoem, in die tagtigerjare die projekteur van die omvattende studie oor Griekwa-Afrikaans. Sy navorsing oor dié aanleedersvariëteit van Afrikaans het professor Hans du Plessis se belangstelling geprikkel en gelei tot sy baie gewilde omdigting van die Psalms in Griekwa-Afrikaans, *In die Skuilte van die Jirre*. Later het Christo ook as projekteur opgetree vir 'n eweneens groot projek oor Richtersveldafrikaans. In 'n radioreeks saam met professor Toni Links is die "syferplekke en sypelplekke van Afrikaans" opgesoek. Christo het toenemend belanggestel in en navorsing gedoen oor alle variëteite van die taal, soos byvoorbeeld ook Tsotsi-Afrikaans. Hy was in verskeie forums, onder meer as lid van die Taalkommissie, 'n vurige pleitbesorger vir die "demokratisering" van Afrikaans, wat beteken het dat al die variëteite van die taal, en nie net die standaardvorm nie, 'n plek moes kry in woordeboeke, taalhandboeke en beskrywings oor die ontstaan van Afrikaans.

In 1992 het Christo departementhoof geword. My navorsingspos het verval, maar hy kon daarin slaag om my tydelik aangestel te kry as sy sekretaresse. Hy was iemand wat probleme nie as struikelblokke gesien het nie, maar as uitdagings. Aan beuselagtighede het hy hom nie gesteur nie, maar wanneer een van sy personeellede werklik 'n krisis beleef het, was daar oneindige deernis, begrip en ondersteuning.

Toe een van die taalkundedosente in 1993 in 'n motorongeluk ernstig beseer is en daar skielik 'n onderrigleemte ontstaan het, het Christo my kom inlig dat my dae as sekretaresse getel is en dat ek moet begin klas gee. In die volgende paar jaar het hy as studieleier opgetree vir my meestergraad in

Afrikaans. Nadat ek dit in 1995 afgehandel het, het hy my voltyds laat aanstel as dosent in die departement. Daarna was hy ook promotor vir my doktorsale tesis met die titel *Mites rondom Afrikaans*.

My navorsing oor die begrip “mite” het daartoe gelei dat ek nie – soos Christo en ek aanvanklik albei gedink het die strekking sou wees – oor wanpersepsies oor Afrikaans geskryf het nie, maar wel oor die “singewende narratiewe” van twee verskillende groeperings oor Afrikaans wat hulle vas glo en min of meer ten bloede toe sal verdedig: enersyds die “liefdesband tussen Afrikaans en die Afrikaner” en andersyds “Afrikaans, die verdrukkerstaal”. Christo was ’n voortreflike promotor, wat my ’n vrye hand gegee het om die nuwe rigting waarin my speurtog my gelei het, te volg en te ontgin, maar my tog met enkele wyse vrae op die regte spoor gehou het.

Dit bly amper ongelooflik dat iemand wat soveel werk afgehandel het en tientalle artikels, navorsingsverslae, en meer onlangs ’n boek soos *So kry ons Afrikaans* die lig laat sien het, ook altyd tyd gehad het om die lewe te geniet. Om saam met kollegas en vriende om ’n vuurtjie te kuier en vleis te braai en die groot gesels “uit te haal”, was vir hom ’n absolute lekkerte. Hy was baie erg oor sy twee kinders en later net so erg oor die span kleindogters. Eenmaal, nadat hy met drie of vier van die oudste kleindogters vir ’n naweek by ’n vakansie-oord was, het hy vir my gesê: “Jy weet, Annetta (dit was sy manier om my naam te sê), jy was reg oor die mites. Want my kleindogters wou ’n storie hoor, en toe ek my kom kry vertel ek vir hulle van Rageltjie de Beer!”

Op die 21^{ste} Julie vanjaar het ek hom per whatsapp geluk gewens met die tagtigste. Ek het onder meer gesê ek wil nie skakel nie, want ek het vermoed daar word groot makietie gehou. Die volgende dag het ek ’n boodskap van hom af gekry wat gelukkig op my foon behoue gebly het: “Baie baie dankie vir jou en Chris se gelukwense Annette. Dit is vir my baie spesiaal. Die kinders het ’n familiebymeekaarkoms gereël, was heerlik! Baie liefde vir julle! Christo.”

En nou, liewe prof. Christo, het jy ons loop staan agterlaat. Maar ons sal jou nie vergeet nie.

Annette Jordaan



In Memoriam

Prof. Christo van Rensburg

Vergun my om 'n baie persoonlike huldeblyk te lewer – 'n blik vanuit die Departement Afrikaans, waar prof. van Rensburg die grootste deel van sy akademiese loopbaan – sedert eerstejaarstudent in 1956 - deurgebring het.

Die Departement Afrikaans by UP was op sy dag die grootste Afrikaanse Departement met 'n lang en trotse geskiedenis, waar merkwaardige dosente diep spore getrap het in die ontwikkeling van die Afrikaanse taal- en literatuurwetenskap. Mens kan onder meer vroeë taalkundiges by UP noem soos proff. T.H. le Roux, M.S.B. Kritzinger, Merwe Scholtz en Stef Louw. Later was daar Louis Eksteen, Christo van Rensburg en Vic Webb. Prof. Van Rensburg was een van die lang ry Afrikaanse taalwetenskaplikes (nie net by UP nie) wat in baie opsigte eerste treë gegee het en die weg gebaan het vir ons wat later gekom het.

As kind het hom leer ken as een van my vader, Louis Eksteen, se kollegas. Gedurende die jare voor televisie was Sondagmiddagkuiers niks ongewoons nie, en so het ons gereeld by prof. Stef Louw, prof. Fanie Strydom en prof. Van Rensburg aan huis gekuier. Later was “oom Christo” my dosent. Saam met honderde ander studente het ons Afrikaanse Sintaksis à la die grote Noam Chomsky se TGG (Transformasionele Generatiewe Grammatika) gedoen: boomdiagramme leer teken, oppervlak- en dieptestrukture ontleed en transformasieëls leer formuleer. Middelnederlands was 'n verpligte honneursvak en een semester lank het ons Middelnederlandse letterkunde by Prof. Elize Botha gekry, wat die letterkunde vir ons laat lewe het in haar pragtige, diep altstem, en een semester lank het ons Middelnederlandse tekste se taalkundige eienskappe verken. Dit was 'n fassinerende wêreld, dié van die Historiese Taalkunde. Prof. van Rensburg het metterjare die Sociolinguistiek (Variasietaalkunde) verken en uitgebreid veldwerk gedoen (saam met prof. Hans du Plessis) onder meer in die Richtersveld en orals waar Griekwa-Afrikaans gepraat word. Die optekening van hierdie variëteite is een van die ryk skatte van Christo van Rensburg se erflating aan ons.

Die radioreeks *Die syfer-en sypelplekke van Afrikaans* wat hy saam met prof. Tony Links in die tagtigterjare van die vorige eeu aangebied het, het die ryke verskeidenheid van Afrikaans waarskynlik vir die eerste keer aan 'n groot publiek bekendgestel. Ek speel nog steeds dele uit dié reeks voor vir my studente.

Sy siening van die komplekse ontstaansgeskiedenis van Afrikaans word in alle goeie handboeke vermeld en die drie historiese variëteite van Afrikaans, soos wat hy hulle geïdentifiseer het, is bekend aan elke student wat aan 'n Afrikaanse universiteit afgestudeer het: Kaapse Afrikaans, Oranjerivierafrikaans en Oosgrensafrikaans. Sy onlangse boek *So kry ons Afrikaans* (2012) behoort werklik op elke leser wat belangstel in onse taalgeskiedenis se rak te staan.

Oom Christo, mag oom in vrede rus - oom het gedurende oom se tyd op die ondermaanse met lewensvreugde en sinvolheid geleef. Ons sal nie vergeet nie.

Nerina Bosman



Op die allerprofste prof.

T.T. Cloete skryf in sy gedig oor die kremetartboom, “die kremetartboom is 'n *allerboomste boom*”. *Bome word dikwels in die literatuur beskou as 'n simbool van lewe en kennis (die boom van kennis, goed en kwaad in Adam en Eva se paradys), wysheid, beskerming en groei. As Cloete se kremetartboom die allerboomste boom is, is Prof. Christo van Rensburg in my boekies die allerprofste prof. onder wie se skadu menige student en kollega beskerming kon vind, na sy wyse woorde en spitsvondige kwinkslae kon luister en as individu en akademici kon groei.*

Ek ontmoet Prof. Christo van Rensburg in 1989 in die Afrikaanse Taalkunde-klas as eerstejaar. Prof. Christo se lesings was altyd 'n ontdekkingsreis in ons Afrikaanse taalverlede in en ryk aan staaltjies uit sy veldwerknavoring. Terloops, ek besit nog 'n bandopname waar hy met my ouma Netta in Tom Burke in die vroeë tagtigerjare vir sy navorsing 'n onderhoud gevoer het. Met 'n indrukwekkende lys van toekennings en publikasielys in plaaslike en internasionale vakwetenskaplike tydskrifte, voorgeskrewe werke, handboeke en vele ander het Prof. Christo grenslose respek by die studente en sy kollegas afgedwing. Vir sy akademiese bydrae is hy trouens vroeër vanjaar gepas en besonder verdienstelik vereer met die Jan H Marais- en ook die CJ Langenhoven-pryse.

Na afloop van my voorgraadse studies het Prof. Christo my die uitdaging gebied om onder die leiding van formidabele kollegas, soos Prof. Elsa Nolte (Nederlandse en Afrikaanse Letterkunde), Prof. Piet Roodt (Afrikaanse Prosa), Prof. Maritha Snyman (Mediageletterdheid) en Prof. Nico Snyman (Afrikaanse Prosa en Poësie), Prof. Adelia Carstens (Afrikaanse Semantiek en Leksikografie), Prof. Hein Grebe (Afrikaanse Taalkunde) en Jurie Geldenhuis (Afrikaanse Taalkunde) om enkeles uit te sonder, my klasgeevaardighede te slyp en sy aansteeklike geesdrif vir Afrikaans as akademiese vak en deernis vir studente oor te dra. Dit is ook gedurende hierdie tyd wat Prof. Christo begin het om my aan te spreek en my naam ook as “Lirnetta” te skryf (let op die “r” in die middel van my naam).

Prof. Christo was nie net 'n akademikus nie al was hy tot en met sy dood aktief besig met navorsing en verbode aan die Navorsingseenheid Tale en literatuur in die SA konteks. NWU, Potchefstroom-kampus as navorsingsgenoot. Ek het hom ook leer ken as 'n man wat lief was vir sy kinders en kleinkinders, gholf wat hy graag self gespeel het, krieket, rugby, die natuur en in die besonder die bosveld. Kollegas, wat een naweek saam met Prof. Christo tydens 'n besoek in die negentigerjare aan die “boshuis” in Marloth Park was, vertel dat hy'n allemintige hardekoolhoutstomp langs die rivier gesien het en dié opsluit met 'n tou vasgemaak en met sy splinternuwe rooi 3-reeks BMW tot by die boshuis gesleep het. Die reusestomp het 'n sitplek onder 'n maroelaboom geword by die boma en toe ek in Januarie 2016 vir hom 'n foto stuur met die boodskap “Prof. se stomp leef nog” kry ek die volgende boodskap terug: “Liewe Lirnetta! Maar is dit nie lekker om so uit die bloute uit van jou te gehoor het nie! En die foto's het my ook ver laat terugdink. Toe daardie stomp sy eerste nag en 'n half oorleef het, sou mens kon voorspel hy sal nog 'n rukkie vorentoe kan saamstap. Hy doen dit nè?”

Dit is amper 30 jaar wat ek saam met Prof. Christo 'n pad kon stap. Die eerste vyftien dikwels vir kilometers aaneen op dieselfde tweespoorpad met Prof. Christo as die pasaangeër en vaardige navigeerder. Na sy aftrede het ons paaie uiteengeloop, maar ons het kontak behou deur e-posbriewe en mekaar elke jaar met verjaarsdae oor-en-weer gebel. Ek gaan binnekort weer boshuis toe. Ek sal op Prof. Christo se stomp gaan sit onder die maroelaboom teen sonder voor 'n knetterende bosveldvuur, luister na die Afrikaanse naguile en die glas rooi keel lig op die *allerprofste* prof.

Linette van der Merwe



Christo van Rensburg (1938–2018)

Ek het Christo van Rensburg as 'n wellewende mens ervaar, hoofsaaklik in akademiese verband. Dit was seker in die mid-1980's dat ek hom vir die eerste keer meegemaak het. Toe al, het hy my getref as iemand wat bereid was tot gesprek, soms selfs intense gesprekke. Meesal gesprekke oor taal en taalvariasie, en Christo sou later 'n voorloper word vir die erkenning van Variasietaalkunde.

Ek het sy kundigheid op die vakgebied waardeur en dikwels van my eie skryfwerk wat aansny op die gebied eers met hom gedeel om sy oordeel te verneem. Ons uitwisseling van idees het dikwels tot nuwe insigte en ontwikkeling gelei.

Christo was 'n lekker gespreksgenoot en ek onthou nog goed 'n aandete met hom aan huis van Achmat Davids in die Bo-Kaap. Christo het alles vreemd en lekker gevind en elke gereg het 'n stuk taalgeskiedenis van Achmat of Karima, sy vrou, ontlok. Later, toe ek in Pretoria, tereg gekom het, het ons 'n hele paar keer saam uitgeëet of per geleentheid aan huis gekuier.

Op persoonlike vlak was Christo ook uiters vriendelik en behulpsaam. Hy was verantwoordelik daarvoor dat ek na die Universiteit van Pretoria gekom het as hoof van die Departement Afrikaans. Hy het toe pas afgetree maar het nog 'n spesiale funksie in die Fakulteit van Geesteswetenskappe gehad sodat ek in my tyd van aanpassing ook 'n ingeligte klankbord gehad het vir besluite wat ek moes neem.

Christo was 'n meelewende man wat intellektueel nuuskierig was en wie se navorsing op die Taalkunde-gebied, en veral op die gebied van die Variasietaalkunde, ons begrip oneindig verruim het.

Hein Willemse



PROF. CHRISTO VAN RENSBURG

Ek het prof. Christo leer ken in 1965 in my tweede jaar as 'n student In Afrikaans. Hy het vir ons Fonetiek gedoseer en ook 'n aantal baie interessante lesings gegee betreffende die studie van plekname. Ons as studente het toe die opdrag gekry om elkeen sy eie stukkie navorsing in die verband te onderneem, en om sy of haar bevindinge in 'n selfstandige studie te formuleer. Een en almal in die klas (en ons was baie) was gefassineer deur die moontlikhede van wat vir ons 'n hele nuwe veld van ondersoek was. My keuse was 'n aantal vreemde, interessante Namibiese name (toe natuurlik nog Suid-Wes). Ek het kontakte gekry en gekorrespondeer met mense wat ek van geen kant geken het nie en nog nooit van gehoor het nie. Dit was inderdaad 'n grensverleggende ondersoek op verskeie vlakke – 'n totale verbreding van perspektief.

So was prof. Christo as dosent. Hy kon studente inspireer en nuwe vergesigte open. Dit was ook die geval met ons nagraadse studie. Prof. Christo het naamlik saam met prof. S.A. Louw vir ons Goties gedoseer. Beide hierdie dosente het met Ulfilas se Bybelvertaling, kommentare en historiese agtergrond ons ver teruggevoer na ons wortels, en die ou goud van die verlede boeiend en interessant laat herleef.

As kollega was dit vir my aanvanklik moeilik om hom as "Christo" aan te spreek. Maar so was hy: altyd vriendelik en kollegiaal met 'n oop oor vir moontlike probleme en vol lof waar dit verdien was.

Die een saak wat ek saam met hom onderneem het, was die maandelikse klasleiers-vergaderings. Prof. Christo was as departementshoof natuurlik die voorsitter en ek moes die notule hou. Hy het dié saak, wat nou en dan netelig was omdat die leiers soms met probleme en griewe na vore gekom het, so goed, so professioneel en so billik na alle kante toe hanteer, dat 'n mens net die hoogste respek vir hom kon hê. En as daar opgetree moes word, het hy dit daadwerklik gedoen. Sodoende was daar harmonie in die Departement en kon daar op die werk en die studie gekonsentreer word.

En wat die hede betref: Ek het hom baie jare lank nie gesien nie, maar het hom wel gebel om hom geluk te wens met sy Akademie-prys. Toe ek sy stem hoor, het ek gesê: "Goeie dag, prof. Christo, ek weet nie of u my sal onthou nie, maar dit is Elsa Nolte wat praat." Sy antwoord: "Môre Elsa, hoe sal ek jou nie onthou nie!" Altyd betrokke, altyd meelewend en 'n mens is so dankbaar dat hy in die tyd kort voor sy dood soveel erkenning gekry het vir sy enorme bydrae.

Hy is nie meer hier nie, maar daar is 'n troos. Sy nalatenskap aan studente, kollegas. Afrikaanssprekendes en almal wat in Afrikaans geïnteresseerd is en wat Afrikaans lief het, sal verseker blywend wees.

Elsa Nolte

